NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 16 – Uitgawe 44
18 Januarie 2024

# Gemeentes van die NHKA: Roetemerkers vir 2024!

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Hoe karteer jy 'n terrein of omgewing wat onpeilbaar is en boonop konstant verander? Hoe sou die aanwysings daar uitsien wat gemeentes van die NHKA in 2024 op sinvolle en konstruktiewe wyse die toekoms inlei?**



**'n Gemeente van Jesus word nie aan sy voorkoms gemeet nie…**
Gemeentes van die NHKA is 'n skepping deur die Woord (*creatura Verbi*) en die resultaat van die teenwoordigheid en aktiewe betrokkenheid van die Heilige Gees. Die Kerk se roeping is om te word wie ons deur die Gees van God in-Christus is. Die vraag na die identiteit van die Kerk hou primêr verband met die wese van die Kerk en nie hoe standhoudend 'n bepaalde gemeente is nie.

Elke geloofsgemeenskap op elke plek moet in hierdie tyd veral geanker bly in Jesus Christus. Hy is die Hoeksteen en die Sluitklip en ons sal lewende stene wees wanneer God ons in hierdie geestelike huis inbou.

**'n Gemeente van Jesus en sy omgewing is onlosmaaklik deel van mekaar…**
In die missionale verstaan van die gemeente vind gelowiges rus in die beloftes van God, wat self sy kerk in stand hou. Die plaaslike geloofsgemeenskap word deur Jesus Christus self vergader, beskerm en bewaar (Heidelbergse Kategismus, Sondag 20). Gekonfronteer met sy roeping, vra die gemeente nie eerstens die vraag na sy eie oorlewing nie. Die oorlewing van die missionale gemeente is nie ter sprake nie. Een van die mees eksistensiële oomblikke van 'n missionale verstaan en bestaanswyse van die gemeente is die geestelike insig en onderskeidingsvermoë van die koringkorrel wat in die grond val, sterf en vrug dra. Ons dink te veel en te lank aan wat ons moet doen… gemeentes moet gewoon opdaag (*show up!*) waar God reeds besig is.

**'n Gemeente van Jesus leef die liefde en vrede van Jesus…**
Die Kerk word geroep tot aktiewe diens in die wêreld, wat dikwels ook lyding en ongemak impliseer. Die druk op gemeentewees bly hoog en die voetspoor van die NHKA as draer van die evangelie van Jesus mag nie verdof nie. Die liefde gaan nog baie skaars word (Matt 24:12). Die wêreld sal egter weet dat ons Jesus se dissipels is wanneer ons hierdie liefde leef...

Die toerusting en bemagtiging van lidmate met die oog op bogenoemde is ononderhandelbaar.

**'n Gemeente van Jesus het gesonde en effektiewe leierskap nodig…**
Leiers leef altyd toekomsgerig. Hulle is proaktief ingestel op hul roeping en altyd gereed om die nodige aanpassings te doen. Hulle openbaar die vermoë om in 'n turbulente wêreld sin te maak uit die chaos wat rondom hulle afspeel. Die instandhouding van alles wat in die verlede so goed gewerk het, is gewoon nie meer genoeg nie.

Gemeenteleiers leef met hul ore naby aan die mond van God. Hulle luister na die hart van God en die stem van medegelowiges. Gemeentes van die Here Jesus word deur die Woord en Gees in beweging gebring.

**'n Gemeente van Jesus is altyd positief ingestel op die saak van Jesus in hierdie wêreld…**
Viktor Frankl omskryf die term *Logoterapie* in sy boek *Man's Search for Meaning.* In beginsel het alle mense sin en betekenis in hierdie lewe nodig om positief en doelgerig te leef. Om ten spyte van terugslae en die druk wat gemeentes op elke plek ervaar, op die koninkryk van God gerig te bly. Om vanuit die bron van God se genade te leef en deernis te hê met elke mens, dier en plant.

Mag die genade van die Here Jesus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees met julle almal wees.

**Dr Frikkie Labuschagne**
**Hoof: Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB)**

# Lief en leed




- **Ds JH (Jan) van Staden** (65), wat sedert 1986 leraar in Gemeente Bronkhorstspruit was, is Sondag 7 Januarie oorlede. Hy het jare lank aan ’n lewersiekte gely en sou ’n leweroorplanting kon kry, maar sy liggaam was al te afgetakel. Hy was 15 dae lank in die hospitaal, die laaste dae in ’n koma. Ds Van Staden het pas aan die einde van Desember 2023 emeritaat aanvaar en sou sy afskeidspreek in Bronkhorstspruit op Sondag 21 Januarie gelewer het. Die kerkgebou in Bronkhorstspruit was stampvol tydens sy begrafnisdiens op Saterdag 13 Januarie. Ons innige simpatie gaan aan sy ouers, ds Gert en Johanna van Staden, en sy ander naasbestaandes.

- Die volgende predikante vier vanjaar **ampsjubileums**. (Indien ons iemand uitgelaat het, moet u asseblief vir mev Karen Breedt by **karen@nhk.co.za** laat weet.)

  **25-jaar-jubileum**

  - Ds JA (Hannes) Jansen van Rensburg – Emmaus Kenleaf
  - Dr RJ (Robert) Jones – Villieria/Derdepoort

  **50-jaar-jubileum**

  - Dr HJ (Hennie) Botes – emeritus/Buffelspoort
  - Ds JJH (Koos) Engelbrecht – emeritus
  - Ds JPJ (Kalla) Fourie – emeritus
  - Ds JS (Fanie) Naudé – emeritus/Greylingstad
  - Ds WH (Wessel) Swart – emeritus
  - Dr BJ (Barry) van Wyk – emeritus/Warmbad


  **60-jaar-jubileum**

  - Dr DJC (Daan) van Wyk (sr) – emeritus


Ds Mariët Robbertze

- **Ds Mariët Robbertze** word Sondag 4 Februarie om 11:00 bevestig in **Gemeente Kempten**. Die kerkgebou is by Blouborsiestraat 9, Van Riebeeckpark. RSVP asseblief teen 28 Januarie by Celma (083 478 1044) indien u die diens wil bywoon.

- **Ds Kalla en mev Marita Fourie** het die voorreg gehad om op Sondag 7 Januarie ’n driedubbele feesgeleentheid te vier: ds Fourie se 50-jaar-ampsjubileum (19 Januarie 1974), die egpaar se 50-jaar-huweliksherdenking (5 Januarie 1974) en mev Marita Fourie se 59ste jaar as orrelis – van 13-jarige ouderdom, Desember 1964 in Gemeente Koster, toe wyle ds Ben Venter daar predikant was. Die feesgeleentheid was in die kerkgebou van Krugersdorp-Noord, waar ds Fourie tot in 2013 leraar was. Baie geluk!


Ds Kalla en mev Marita Fourie

- **Die volgende predikante verjaar tot 26 Januarie, en word hartlik geluk gewens:**

  - Vrydag 19 Januarie: Di IM (Retha) Losper (34) (Ogies/Suidoos-Witbank) en MJ (Martin) Slabbert (52) (Philadelphia)
  - Sondag 21 Januarie: Dr J (Johan) Nel (63) (Bloemfontein-Wes) en
  - ds GS (Stephen) de Beer (63) (Noordwestelike Pretoria)
  - Maandag 22 Januarie: Ds WJ (Willem) Slabbert (77) (emeritus)
  - Dinsdag 23 Januarie: Dr WC (Wouter) van Wyk (61) (Sinodaal)
  - Woensdag 24 Januarie: Ds HMJ (Marius) Kramer (39) (Krugersdorp-Oos)
  - Donderdag 25 Januarie: Di R (Riaan) Botha (54) (Lydenburg), PJJ (Pierre) Kotze (74) (emeritus) en A (Annieka) Pottas (30) (Montana)
  - Vrydag 26 Januarie: Di BM (Marita) Engelbrecht (52) (Komatipoort) en RL (Richard) van der Westhuizen (59) (Tzaneen)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 22 Januarie** bereik **vir 2 Februarie** se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.



Ds Markus Pretorius

- **Ds M (Markus) Pretorius** van Eendracht/Kriel het die beroep na Weltevreden aanvaar. Hy word op 28 Januarie daar bevestig.

- **Ds AC (Anel) Boshoff** (beroepafwagtend) het 'n beroep ontvang na Goudveld/Kroonstad/Odendaalsrus. Sy het die beroep aanvaar en word op Sondag 4 Februarie om 13:00 in Gemeente Goudveld bevestig. Haar en Neels se dogtertjie, Anna-Bella, word dan ook gedoop.



Ds Anel Boshoff

- **Ds IL (Innes) Benade** (emeritus) het 'n beroep ontvang na Oudtshoorn (deeltyds). Hy het die beroep aanvaar en het sy diens daar hervat op 1 Desember 2023.

- **Dr A (Antionette) Janse van Rensburg** van Montana het 'n beroep ontvang na Gaborone. Sy het die beroep bedank.

- **Ds PB (Pieter) Viljoen** van Alberton aanvaar emeritaat op 29 Februarie 2024.

- **Oudl JP (Johan) Kruger** is op 29 November 2023 aangewys as skriba en nakomingsbeampte van **Gemeente Jeffreysbaai**. Sy selfoonnommer is 076 153 8994 en sy e-posadres **jpk6351@mweb.co.za**.



Ds Innes Benade

- **Tweede werkruimte vir Gemeente Gaborone.** Gemeente Gaborone ontvang graag aansoeke vir 'n **tweede volsorgwerkruimte**. 'n Suksesvolle kandidaat bedien die Afrikaans- en Engelssprekende gemeente van ongeveer 120 gesinne, asook die breër gemeenskap. Die dinamiese en diverse werkende gemeente is saamgestel uit uitgewekenes en permanente burgers, met lidmate wat afkomstig is van verskillende denominasies. Van aansoekers sal vereis word om 'n uitgesproke volgeling van Jesus te wees; te beskik oor voltooide opleiding aan 'n tersiêre instansie; bereid te wees om te verhuis na Botswana; en 'n dinamiese, roepingsbewuste, nie-diskriminerende en bevoegde prediker en evangelis te wees. Die twee werkruimtes dien parallel saam in die gemeente volgens gawes en pligstaat, soos uiteengesit deur die geloofleiers en die gemeente. Vergoeding is op 'n volsorgbasis wat behuising, medies, motortoelaag, pensioen, selfoon en kontantdeel (10-jaar-skaal) insluit. Aansoeke aan Miranda de Wet (**dewetmiranda3@gmail.com**) **sluit op 31 Januarie 2024**. Die suksesvolle kandidaat se permitproses om in Botswana te kan woon en werk, begin onmiddellik nadat die beroep aanvaar is.



Dr Antionette Janse van Rensburg

## Vergaderings

- Vrydag 26 Januarie: Beleggingskomitee

## Hervormde Teologiese Kollege

- Die **opening van die HTK** vind op **14 Februarie om 10:00 by Gemeente Philadelphia** plaas. Die prediker is **dr Thinus van Staden** en **ds Marina Kok-Pretorius** sal 'n referaat lewer oor *'n Ruimtelike perspektief op Boek IV van die Psalms: Herinnering en verbeelding in Psalms 90 tot 92 en Psalms 105 tot 106*. **Dr Thinus van Staden** lewer 'n groeteboodskap **namens die Kuratorium** en **prof Jaco Beyers namens die Fakulteit**. 'n Vingerete word na afloop van die verrigtinge in die saal bedien. Almal is welkom en belangstellendes wat die oggend wil bywoon, moet by Clarika Hattingh – **clarikah@nhk.co.za** – bevestig.



Ds Pieter Viljoen

- **Geleenthede vir Tydelike Deeltydse Dosente by die HTK.** Ingevolge Besluit 46 van die 72ste AKV asook aanvullende besluite by ander AKV's, is die beginsel bevestig dat die HTK uitgebou moet word. Dit behels dat die hoof van die HTK, in oorleg met die Kuratorium, predikante van die NHKA met 'n nagraadse kwalifikasie sal benoem om as dosente van die

HTK op ’n tydelike deeltydse basis behulpsaam te wees met die doseerwerk by die HTK, en om medeverantwoordelik te wees vir die uitbou van Hervormde teologie. Die doel van hierdie benoemings is om toekomstige akademici daar te stel.

Die Kuratorium, in oorleg met die Kommissie van die AKV, het besluit om die volgende deeltydse poste te adverteer:

- Nuwe Testament en Verwante Literatuur;
- Ou Testament en Verwante Literatuur;
- Dogmatiek en Etiek;
- Historiese Teologie; en
- Praktiese Teologie.

Dosente wat by die HTK benoem word, ontvang die volgende opdrag:

- Nuutaangestelde dosente vergewis hulself voortdurend van die groter akademiese diskoers in hul vakgebied. Daar kan in dié verband met dosente aan die verskillende teologiese fakulteite gekonsulteer word.
- Daar word van die onderskeie dosente verwag om jaarliks minstens een artikel in ’n akademiese vaktydskrif te publiseer.
- Lidmaatskap van ’n vakwetenskaplike vereniging en die bywoning van kongresse is ’n vereiste.
- Dosente van die HTK moet werkgemeenskappe in hul betrokke vakgebiede skep om voortgesette navorsing en publikasies te help verseker. Vanuit hierdie werkgemeenskappe word die Kerk ook van teologiese advies bedien.
- Werkgemeenskappe kan op ’n gereelde basis simposiums aanbied waarby soveel moontlik teoloë en belangstellendes uit die Kerk betrek word.
- Daar word verwag dat die dosente, soos nodig, by Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) van predikante betrokke sal wees.
- Die aanbied van lesings by die HTK.

Die benoeming geld vir ’n tydperk van twee jaar, waarna die Kommissie van die AKV in oorleg met die Kuratorium oor ’n nuwe benoemingsproses al dan nie, sal besin. Daar sal ook in oorleg met die hoof van die HTK vir bedryfskoste aan die pos verbonde, voorsiening gemaak word. Voornemende kandidate kan ’n CV aan mev Clarika Hattingh by **clarikah@nhk.co.za** stuur waarin onder andere akademiese kwalifikasies, ’n lys van publikasies, onderrigervaring en betrokkenheid by vakwetenskaplike instansies weergegee word.




**Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Januarie 2024** en voorkeurkandidate sal vir ’n onderhoud genooi word. Die beoogde datum van aanstelling is 1 April 2024. Navrae kan gerig word aan die voorsitter van die Kuratorium, dr Thinus van Staden (084 589 7035), of die ondervoorsitter van die Kuratorium, dr Hein Delport (082 341 7205).

## Kerklike en ander publikasies

- **Ds Sanet van der Walt** (ampsvoorreg/nie-diensdoende) het **teologiehandboeke** in ’n baie goeie toestand beskikbaar en bied dit te koop aan. Studente sal die boeke veral nuttig kan gebruik. Skakel haar by 083 215 1524.




- In die **2024 Someruitgawe van *Vroueflitse*** fokus die NHSV op twee sake wat ons na aan die hart lê. **Karin Steenekamp,** visevoorsitter NHSV Hoofbestuur, gee ouerskap-betrokkenheid ’n hupstoot in ***Jy is Myne!*** en wys op die plek van kinders in God se skepping binne die gesin waar hulle gebore is. **Ds Janine Bevolo-Manders,** gemeentes Witfontein en Rustenburg-Tuine, skyn die kollig op geestesgesondheid met ***’n Domkragstorie*** en verduidelik hoe vrees ons lewens nadelig kan beïnvloed. Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/**

- Lees die tiende uitgawe van die **gratis aanlyn publikasie *Lalasini*** by **https://lalasini.co.za/om/#p=1**. In sy redaksionele berig skryf **dr Piet van Staden** (emeritus/Worcester) oor

jaartalle, statistieke en stories. Lees ook oor Pelgrimsrus, fietsry in Turkye, om met grasie ouer te word, hoe om speel-speel deur graad R te kom, en vele meer. Vorige uitgawes kan hier gelees word: **Lalasini - Archive**.




## 'n Gedig

**Die ding met vere**

*"Hope" is the thing with feathers – That perches in the soul –*
*And sings the tune without the words – And never stops – at all –*
Emily Dickinson

dis altyd oggend êrens
daar is iets te make uit die as
daar's nog heelwat hoepels
en knieknoppe en hanslammers,
verjaarsdagkoeke, wit rokke,
reënwolke en ruikers
daar is soms appels
en partymaal brood
hier en daar selfs geel
tussen die grys
daar is altyd asem
totdat alles asem is
meestal maanlig
altyd hoop

**Bibi Slippers**
(Uit: *Fotostaatmasjien*, 2016)

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Barmhartigheid

- **Vakature vir Professionele Assistent: Diakonaat.** Aansoeke word ingewag vir die vakante pos van die professionele assistent: diakonaat. Die suksesvolle kandidaat sal gedeeltelik vanuit 'n tuiskantoor werk, maar ligging in Pretoria of Krugersdorp en omgewing is nodig vir

in-persoon-kantoorwerk en vergaderings. Die pos word gedeel deur die ADV-kantoor van die NHKA, Rata Maatskaplike Dienste, die Kinderhuise van die NHKA en Plesion NPC.

**Posbeskrywing**
’n Persoon met ’n passie vir barmhartigheid word benodig as professionele assistent, van wie onder andere verwag word om goeie administratiewe vaardigheid toe te pas in terme van kantoorbestuur, uitvoer van administratiewe take oor ’n wye terrein van diakonale werk, skakeling met gemeentes, skakeling met direksies van maatskappye, opstel en versorging van amptelike dokumente, liassering en die bestuur van elektroniese platforms (bv Zoom).

**Vereistes**
- Uitstekende administratiewe vaardigheid en akkuraatheid.
- Volledige tweetaligheid in Afrikaans en Engels, sowel gesproke as geskrewe taal.
- Goeie vaardigheid in die gebruik van Microsoft Word en Outlook.
- Rekenaarvaardigheid (Microsoft Word, Outlook, PowerPoint, Excel, PDF, Zoom, ens).
- Vermoë om onafhanklik te werk en goeie tydsbestuur toe te pas.
- Vermoë om vergaderings te reël en organiseer, sowel via elektroniese platforms as in-persoon-vergaderings.
- Oordrag en aanbieding van inligting.
- Volg van instruksies, prosedures en prosesse.
- Besluitneming en inisiëring van aksie.
- Vermoë om onder druk te werk.

**Kwalifikasies en ondervinding**
- Matrieksertifikaat.
- Diploma/kursus in administratiewe/sekretariële werk.
- Microsoft Word – gevorderde gebruiker (*power user*).
- Geldige rybewys.
- Minimum drie jaar ervaring in ’n administratiewe rol.
- Werk in ’n omgewing waar vertroulikheid en sensitiwiteit uiters belangrik is.

**Vergoedingspakket**
- Voltydse pos met markverwante en onderhandelbare vergoeding.
- Reiskoste ten opsigte van kantoorwerk en vergaderings sal onderhandel word.
- ’n Skootrekenaar word voorsien, terwyl internetkoste en telefoonkoste vergoed word op grond van onderhandeling met die suksesvolle kandidaat.

**Sluitingsdatum vir aansoeke is 7 Februarie 2024.** CV’s met ’n motiverende skrywe en kwalifikasies moet gestuur word na **info@rata.org.za**.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamer-geriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

Enkelwoonstel (*bachelor*): R495 000
Eenslaapkamer: R515 000
1½-slaapkamer: R520 000
Tweeslaapkamer: R560 000

Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 (08:00-12:00) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangs-beheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Toerusting

- Lees ***hier*** **prof Elsabé Kloppers** se artikel *Al is my stem gebroke, my asem sonder krag ... Geleefde religie en die werking van die kerklied*. Prof Kloppers bespreek die feit dat daar troos en heling geput kan word uit kuns, musiek, ontmoetings, religieuse ervarings en spesifiek mense se belewenis van die kerklied in geleefde godsdiens.

## Studentesake

- **Gemeente Stellenbosch: Eerstejaarskamp.** Is jy ’n Matie in 2024? Kom kamp dan saam van **Sondag 28 tot Dinsdag 30 Januarie 2024**. Leer mekaar ken, leer die omgewing ken en kom geniet dit net. Koste: R400 per persoon. Kontak dr Chris le Roux by **cleroux@mweb.co.za** of 079 495 3239 vir meer besonderhede.

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp**<br>**30 Januarie – 2 Februarie 2024**<br>By Venterskroon-kampterrein<br>Kry inligtingsvorm vir jou besonderhede<br>**https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**<br>Vir meer inligting, skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

# Stroomop in 2024

**2024 het reeds sy loop begin neem, en dit is goed so. 'n Mens kan tog net só lank beelde van vrolike mense wat op idilliese wit strande en ander eksotiese plekke uitspan, geniet en waardeer, dan begin dit voel soos 'n kookprogram op TV. Jy kan nie daaraan raak nie, jy kan dit nie ruik of proe nie – en aan die einde van die program hou hulle die gereg voor die kamera: *Hier is dit! Kyk hoe heerlik! Maar jy kan niks daarvan kry nie. Dankie dat jy gekyk het. Tot siens!***

Maar nou, gelukkig of ongelukkig, is ons terug in die tuig en terug by die werklikheid. En 2024 gaan ongetwyfeld unieke eise aan ons stel.

In 'n episode van die klassieke TV-sitkom van die 1990's, *Seinfeld*, besluit George Costanza, nadat hy soos gewoonlik klaaglik met iets misluk het, al wat vir hom sal uitwerk, is as hy die teenoorgestelde doen van dit wat hy nog altyd gedoen het. Hy voeg daad by die woord en in sy gunstelingrestaurant bestel hy nie tunaslaai soos altyd nie, hy bestel die "teenoorgestelde" – hoenderslaai. Jerry reken dan dat die teenoorgestelde van tunaslaai nie hoenderslaai is nie, maar wel salmslaai, want 'n salm swem teen die stroom en 'n tuna swem saam met die stroom.

George antwoord dan: *Goed vir die tuna!* En so som George die hele probleem van sy mislukte, misrabele lewe op. Want dis tog nie goed vir die tuna nie, dis goed vir die salm. Dis geen prestasie om saam met die stroom te swem nie. Selfs jellievisse kan dit doen – en dooie visse ook...

Waarom salms in die tweede helfte van hul lewens van die see af stroomop terugswem na die koue varswaterriviere waar hulle uitgebroei het, bly 'n raaisel. Maar dat dinge vir George begin uitwerk wanneer hy die teenoorgestelde doen, behoort niemand te verbaas nie.

2024 en daarna gaan toenemend van ons vereis om salm-mense te wees. Aanvaar die uitdaging. Kom ons maak rug styf teen onreg waar dit saak maak – al word stroomop-mense maklik as dwars, moeilik en aweregs getipeer. Moenie anderpad kyk net omdat jy teenkanting en kritiek vrees nie. Toon karakter en *doen wat reg is as die regter weg is*, aldus CJ Langenhoven.

Baie mense is byvoorbeeld heel gemaklik daarmee om 'n spesifieke kant in een van die huidige internasionale konflikte luidkeels te ondersteun, maar dan swyg hulle oor onregte nader aan die huis. Dalk omdat probleme ver van hier jou niks kos nie en min van jou vra?

Dit is ewe-eens opvallend dat kerkloosheid en ongeloof besig is om die weg van minste weerstand te word. Dit is deesdae blykbaar hoogmode om koggelend neer te sien op 'n opregte strewe na suiwer teologie, gesonde geloofsgroei en geestelike diepgang. Daar word vanaf twee kante op goeie Hervormde teologie en kerkwees geskree: In gelyke mate deur afvalliges en oppervlakkiges.

Maar protestante protesteer – dit is nie in ons aard om denkslordigheid, onwaarhede en onreg sommer net klakkeloos en gelate te aanvaar nie. Christene is vroeg reeds opgeroep om sout en lig te wees in hierdie wêreld – om op te staan teen alle vorme van ongeregtigheid, wanorde en leuens. As dit ooit nodig was om teen die stroom te swem, dan is dit in 2024. Maar doen genoeg mense dit met innerlike oortuiging, kan enige golf gestuit word en die stroom selfs omgekeer word. En die kerk se rol en verantwoordelikheid hierin kan kwalik oorskat word. Mag God vir ons krag gee en ons genadig wees.

**Dr Johan van Staden**
**Redakteur: *Die Hervormer* en *Blitspos***

Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk